Weg GUNSTELING PLEKKE

Deur MICH en FRIK VELDMAN

Van vandeesmaand af maak ons plek vir 'n leserstorie oor 'n reis, roete (stap, 4x4, fiets, motorfiets), avontuur of ongewone vakansie. Stuur gerus jou bydrae na web@weg.co.za en merk dit "gunstelingplek". Hou dit korter as 800 woorde en stuur die foto's in 'n hoë resolusie aan.

Oor die Draak se rug

OORWELDIGEND: Van die Mweni pas af het jy 'n onbeskryflike uitsig.

Twee *Weg*-lesers, Mich en Frik Veldman, het al op die "Draak" se rug, van die Amfiteater af suidwaarts tot by Cathedralpiek, gestap.

"Baie mense het al in die voetheuwels van die Drakensberge gaan stap, maar durf jy die lang pad aan bo-oor die berge – van die Amfiteater af suidwaarts tot by Cathedralpiek, waar jy met die Umhlambonjapas afgaan – saal jy 'n moeilike kalant op. Alles hier bo is uiterstes: die vasbyt, die kameraadskap, die lekkerte in jou binneste. Maar die beloning is groot – van die mooiste tonele in Afrika. Dis soos die Comrades-marathon: taai, maar jy onthou dit vir altyd."

'N NUWE MENS: Hier word alle stres en mensgemaakte doelwitte uitgevee.

DAG 1 TOT BO-OP DIE AMFITEATER

Maart-April is die beste tyd vir dié tog. Die berge is nog groen en daar is genoeg water. Maar so hoog in die berg moet jy altyd voorbereid wees op enige weer.

Ons swaai die swaar rugsakke oor ons vars skouers in die parkeerplek duskant die Brandwagpiek. Die bergregister is geteken en ons maak seker geen vuurhoutjie, tou of flits bly agter nie.

Ons uitgetrapte stewels is waarskynlik die belangrikste oorlewingshulpmiddel. Handskoene, 'n serp en 'n mus is ook ingepak – op die berg is dit in alle seisoene onontbeerlik.

Om teen die kettingleer net anderkant die Brandwagpiek uit te klim is 'n bietjie taai met 'n swaargelaaide rugsak, maar dis 'n maklike manier om tot heel bo op die Amfiteater te kom en dan langs die Tugelarivier tot by die eerste oornagplek af te stap.

In die winter is dié plato soms bedek met sneeu, en in die somer is dit 'n lushof van irisse en vuurpyle, én jy kan in die Tugela se poele afkoel.

DAG 2 AMFITEATER NA ICIDI

Dagbreek hier oor die Duiwel-se-Tand met mis onder in die vallei, is altyd iets besonders. Met 'n warm beker koffie in die hand loer ons versigtig oor die rand na waar die Tugela byna 800 m ondertoe in sproeireën neerstort.

Van nou af is daar geen mensgemaakte paaie of aanwysingsborde nie; net wye valleie, bergpieke en soms 'n klipstapel by die bopunt van 'n bergpas.

Die waterskeiding waarop ons stap, is die grens tussen Suid-Afrika en Lesotho. Ons stap meestal in Lesotho, verby Mount Oompie, Ifidi en Icidi, terwyl die pragtige Mwenivallei na links oopvou.

Vóór GPS-tegnologie was ons deels op geheueprentjies aangewese om oornagpunte, grotte vir beskutting en pragtige uitsigpunte te vind. Vanaand se slaapplek is daar tot waar ons voete ons kan dra, waarskynlik naby Icidi.



VOELERS: Die Mweni-toringspitse is reusagtig groot.

DAG 3 ICIDI TOT BY FANGSPAS

Op hierdie hoogte is die lug dun. Ons asem raak kort en ons hartklop is 'n stewige bons in die borskas.

Jy mag dalk 'n skaapwagter of twee met hulle honde raakloop of 'n trop half-wilde perde sien weghardloop, maar dis al.

Die roete bring jou by die Mbundiniabdy met sy sogenaamde 'Madonna en haar Aanbidders', 'n volmaakte natuurlike beeldhouwerk.

Die Mnweni-inham maak 'n diep keep in die berge voor ons in na regs. En môre moet ons dit stap. Bergpatryse vlieg voor ons voete op en sewejaartjies en polle suurgras bedek die grond. Ons is ook op die uitkyk vir 'n baardaasvoël (lammergier), met sy kenmerkende wigvormige stert.

Vanaand kuier ons weer lekker terwyl ons kosmaak. Ons klim vroegaand met tam lywe in die slaapsakke. Môreoggend moet ons weer vroeg opstaan, koffie maak en tent opslaan voor ons verder stap.

Dié gemaklike roetine vee alle stres en mensgemaakte doelwitte uit en bring weer jou ware mens na vore... soos laas in jou studentedae.

Ons slaap 'n ent anderkant Fangspas.

DAK TOE: Cathedralpiek is onmiskenbaar in die agtergrond. Hier staan Mich en Frik saam met hulle kinders.

DAG 4 FANGSPAS TOT BY DIE MPONJWANA-GROT

Vanoggend mik ons na die beskutting van die Mponjwana-grot. Op pad soontoe móét jy na die Mwenipas afdraai.

Dis een van die mees fotogeniese plekke langs die hele roete en jy voel baie klein langs die Mweni-spitse. Dit is dalk 'n goeie plan om 'n ekstra nag hier deur te bring.

Ons stap ook oor die sponsgebied, 'n vleiland waar die Oranjerivier sy nederige oorsprong het. Vanuit die Mponjwana-grot kan jy in jou slaapsak lê en die son oor die Cathedralpiek sien opkom!

AHH... Dis lekker om jou aan die vallei te sit en verwonder.

DAG 5 MPONJWANA-GROT TOT BY TWINS-GROT

Ons stap weg van die platorand af en bokant die Rockeriespas verby.

Vir die eerste stuk volg jy die Senqu, soos die Oranjerivier hier bekend staan.

As dit warm is, kan jy in die yskoue swemgate afkoel. Vandag is die laaste dag op die berg en 'n lang skof lê voor, verby die Saal op pad na Twins-grot.

Die sakke word by die dag ligter en voel al soos 'n deel van jou lyf. Laatmiddag sak ons oor die platorand af tot by 'n grot, wat maar eintlik net 'n reuse-oorhang in die basalt is.

Ons lê behaaglik terug. Vér noord hiervandaan lê die Amfiteater met die Duiwel-se-Tand net-net sigbaar, waar ons amper ses dae gelede die son sien opkom het.

DAG 6 TOT ONDER MET DIE UMHLAMBOMJAPAS

Ons loop afdraand met die Umhlambonjapas na onder. Hier in die beskutting van die vallei raak dit ewe skielik baie warmer.

Die pienk heide is in volle blom en die gerief van die beskawing begin roep: 'n sny vars brood, 'n glas koue melk of 'n worsie op die kole.

Ons het na aan die aarde geleef, die son, reën en wind op ons gesig gevoel. Ons is nuwe mense. Dié plek sien ons weer, en dalk bring ons volgende keer die kleinkinders of ou vriende saam.

"And when I'm old and my body has begun to fail me, my memories will be waiting for me. They will lift me and carry me over mountains and oceans. I will hold them and turn them and watch them catch the sunlight as they become alive once more in my imagination. I will be rich and I will be at peace..."
– *Letters to My Son*, Kent Nerburn